| | |
|---|---|
| VAK EN GRAAD | Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 10 |
| KW 4 | Week 2 |
| ONDERWERP | Leesbegrip |
| DOEL VAN DIE LES | Hoe om 'n leesbegripvraag te benader. |
| BRON | Papierbron |
| | Raadpleeg die gedeelte oor Leesbegrip in jou taalhandboek. |
| INLEIDING | • Jy moet bewus wees van die belangrikheid van lees om 'n goeie woordeskat op te bou.<br>• Jy moet verstaan wat jy lees.<br>• Jy moet vrae oor 'n nie-literêre teks kan beantwoord.<br>• Jy moet jou eie opinie kan gee.<br>• Jy moet jou eie interpretasie en gevolgtrekkings kan maak. |
| KONSEPTE EN VAARDIGHEDE | In hierdie les gaan ons kyk na die verskillende vaardighede wat jy moet toepas om met begrip te kan lees:<br><br>• Voor jy die leesstuk begin lees, let op na die opskrif en die prent wat daarmee gepaard gaan. Dit gee jou gewoonlik 'n insig waaroor die leesstuk handel.<br>• Vluglees, soeklees en aandagtige lees help om te verstaan wat jy lees.<br>• Lees die leesstuk deur en dan die vrae wat daarna volg.<br>• Onderstreep die onbekende woorde en probeer die betekenis va die woorde verstaan deur na die konteks van die sin(ne) te kyk.<br>• Kritiese denke – Jy moet sinvol kan dink en logies kan redeneer. Jy moet jou eie gevolgtrekking kan maak.<br>• Beantwoord die vrae in volsinne behalwe as jy gevra word vir EEN woord of 'n aanhaling.<br><br>Onthou die volgende:<br>1. Elke paragraaf in die leesteks handel oor 'n spesifieke aspek van die onderwerp.<br>2. Elke paragraaf het 'n hoofsin.<br>3. Daar is ook ondersteunende sinne en 'n slotsin wat by die volgende paragraaf aansluit.<br>4. Die gebeure volg chronologies op mekaar.<br>5. Daar is EEN meervoudigekeusevraag by leesbegrip.<br>6. Daar is een oop vraag wat vra vir gevoelens / opinies/ idees oor die leesstuk.<br>7. Die vrae volg die gang van die leesstuk. |
| VASLEGGING | Onthou om jou VAARDIGHEDE by leesbegrip te oefen. |

| AKTIWITEIT | Lees die onderstaande koerantberig en beantwoord die vrae wat daarna volg: |
|---|---|

**Tuindag vanjaar met virtuele fees gevier**

1 Die jaarlikse viering van Tuindag in Oktober kry vanjaar nuwe kleur met 'n spesiale virtuele program waarop almal, of jy nou groen vingers het of nie, op Facebook en Zoom kan inskakel.

2 Tuindag word sedert 2016 gevier deur almal wat lief is vir plante – of jy nou groente plant, in 'n gemeenskapstuin help of 'n paar plante op 'n vensterbank of stoep vertroetel. Dié vrolike dag word vanjaar op 11 Oktober gevier.

3 Soos vorige jare word die dag uitgeken aan unieke blomkrone wat jy maak (en natuurlik dra) met jou geliefde blomme of groenigheid daarin gevleg.

4 Die plan is om op Tuindag 'n rukkie agteroor te sit en die vrug van jou arbeid te geniet. Vanjaar kan jy boonop op die Tuindag-byeenkoms inskakel.

5 Die tuinghoeroe, Tanya Visser, gaan 'n vraag-antwoord-sessie behartig en in die akteur, Schalk Bezuidenhout, se sessie kan almal met hul spesiale blomkrone spog. Die program begin om 11:00.

6 Die laaste paar maande het Suid-Afrikaners hulle vir vertroosting en balans tot hul groen ruimtes gewend. Daar is bewys dat tuinmaak geestelike en liggaamlike welsyn bevorder en 'n gevoel van samehorigheid skep.

7 Tuindag bied'n geleentheid om 'n bietjie asem te skep, na te dink en 'n seisoen vol nuwe geleentheid te vier.

8 Vir die groenteboer, Beauty Kume van Mitchells Plain, is die vrug van haar arbeid iets wat sy graag deel. Indien sy te veel spinasie het om self te eet, nooi sy haar Facebook-volgelinge om daarvan vir hulle te kom haal. Sy kan nie aan almal spinasie gee nie, maar sy gee graag raad oor hoe om groente en kruie te plant.

9 Kume het besluit sy wil haar eie groente en kruie kweek en ophou om dit in supermarkte te koop. "Dis baie stresvol om in die stad te bly. Tuinmaak help 'n mens om te ontspan en nader aan die natuur te leef. Boonop bespaar jy geld as jy nie groente in winkels hoef te gaan koop nie," sê Kume. Sy en haar man kweek verskillende groente, soos spinasie, pampoen, seldery en uie. Om peste en plae weg te hou, maak sy 'n mengsel van knoffel en rissies om op haar plante te spuit.

10 Kaylyn van As van Tafelsig sê sy het twee jaar gelede begin tuin maak nadat sy al hoe bekommerder geraak het oor wat die mens se impak op die omgewing is. Sy kweek haar eie kos sonder om insektegif te gebruik en koop nie kos wat in plastiek verpak is nie. "My tuin lok bye, skoenlappers en voëls. Dit maak my tuin nog meer kleurryk en lonend," sê Van As.

11 Adene Niewoudt, 'n blomboer van Wolseley, sê daar is bewys dat indien jy jou met plante en blomme omring, jy gelukkiger sal wees. "Ek kan daarvan getuig," sê sy. "My blomme gee my energie en maak my entoesiasties."

12 Donald Nxumalo, 'n binneversierder, sê 'n kreatiwiteit vloei uit tuinmaak. "Gewoonlik jaag ek teen tyd, maar op my balkon kan ek die proses stadig laat ontwikkel. Dit gee my balans en nuwe energie. Dit inspireer my ontwerpe," sê Nxumalo.

13 Niewoudt en Nxumalo is enkele van 2020 se Tuindag-ambassadeurs wat 'n blomkroon op die vierings gaan dra.

[Verkort uit ***Die Burger***, 30 September 2020]

VRAE:

1. Wanneer word Tuindag vanjaar gevier? (1)

2. Hoekom, dink jy, word die Tuindag vieringe <u>virtueel</u> gehou? (1)

3. "… of jy nou groen vingers het …"

3.1 Word hierdie woorde LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel? (1)

3.2 Verduidelik wat die bostaande uitdrukking beteken. (1)

4. Noem EEN sosialemediaplatform wat jy kan gebruik om die Tuindag feesvieringe by te woon. (1)

5. Na wie, dink jy, verwys "almal wat lief is vir plante" in paragraaf 2 ? (1)

6. Noem EEN ding wat hierdie jaar dieselfde gaan wees as al die vorige jare. (1)

7. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) langsaan neer.

Tanya Visser word 'n "tuinghoeroe" genoem (paragraaf 5). Dit beteken dat sy baie van … weet.

A mense se gedrag
B mense se gevoelens
C tuinmaak
D plantesoorte (1)

| | |
|---|---|
| | 8. Hoekom, dink jy, het Suid-Afrikaners die laaste paar maande baie tyd in hul tuine deurgebring? (1)<br><br>9. Beauty Kume deel graag met haar medemens.<br><br>Haal 'n sin uit die leesstuk aan om te bewys dat die bostaande stelling WAAR is. (1)<br><br>10. Gee TWEE redes hoekom Beauty Kume haar eie groente en kruie kweek. (2)<br><br>11. Beauty Kume en Kaylyn van As het iets in gemeen.<br><br>Watter ooreenkoms is daar in hulle benadering tot die verwydering van peste en plae uit hulle tuine? (1)<br><br>12. Voltooi die volgende sin. Skryf slegs die ontbrekende woorde langs die vraagnommer neer.<br><br>Uit paragraaf 11 en 12 kan ons aflei dat om in die tuin te werk, die mense _____________ maak en daarom het hulle meer ___________________. (2)<br>**[15]** |
| ANTWOORDE VAN AKTIWITEIT | |

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT |
|---|---|---|
| 1. | Dit word op 11 Oktober gehou. | 1 |
| 2. | • Dit is veiliger omdat die organiseerders nie moontlik die risiko wil neem om baie mense bymekaar te hê nie.<br>• Die organiseerders wil nie mense se lewens in gevaar stel nie.<br>• In die pandemie moet alle gesondheidsmaatreëls nagekom word.<br>• Dit is 'n gesondheidsrisiko in die pandemie om baie mense bymekaar te hê.<br>(*Enige EEN of soortgelyk*) | 1 |
| 3.1 | Figuurlik | 1 |
| 3.2 | Dit beteken dat die persoon daarvan hou om tuin te maak en die plante floreer gewoonlik. | 1 |
| 4. | Facebook / Zoom | 1 |
| 5. | • Mense wat hou van tuinmaak.<br>• Mense wat plante besit.<br>• Mense wat 'n tuin het / plante op hulle stoep/ balkon / in hulle huis het.<br>(*Enige EEN of soortgelyk*) | 1 |
| 6. | Die dag gaan uitgeken word aan unieke blomkrone wat jy maak met jou geliefde blomme of deur groenigheid daarin te vleg. | 1 |
| 7. | C/ sy baie van tuinmaak weet. | 1 |
| 8. | Suid-Afrikaners was in die inperking en baie van hulle kon nie gaan werk nie. | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 9. | "Indien sy te veel spinasie het om self te eet, nooi sy haar Facebook-volgelinge om daarvan vir hulle te kom haal." | 1 |
| | 10. | Tuinmaak help haar om te ontsnap en nader aan die natuur te leef. ✓Sy bespaar geld.✓ | 2 |
| | 11. | Hulle gebruik nie gifstowwe om die peste en plae te verwyder nie. | 1 |
| | 12. | gelukkiger; ✓<br>energie✓ | 2 |
| | | **TOTAAL** | **[15]** |
| WAARDES | Toewyding met baie oefening en akkurate werk. | | |